Breederivier
Gazette
READ IT, LIVE IT | LEES DIT, BELEEF DIT
Year 19 • 20 Oktober 2015 | Tel. 023 626 5212

SPORT



Die plaaslike Sakeliga-rolbaltoernooi het onlangs by die Robertson-rolbalklub afgeskop en het reeds vir groot pret gesorg.

Die balle rol in Sakeligatoernooi

Groot entoesiasme, opwinding en lekker saamjol!

Dís die kenmerke van die eerste week van hierdie seisoen se groot Sakeligatoernooi by die Robertson-rolbalklub.

Verlede seisoen het Robertson nie net in die Boland nie, maar in al 20 rolbaldistrikte in die land uitgetroon met nie minder nie as 312 spelers wat aan die jaarlikse baie gewilde sakeligatoernooi deelgeneem het.

Vanjaar het 42 spanne uit die plaaslike sakegemeenskap ingeskryf vir wedstryde wat weekliks vir vier weke sal plaasvind.

Ongelukkig moes die spel verlede Woensdagaand (14 Oktober) weens kwaai reën en donderweer ingekort word en sal al 14 spanne tydens hul volgende kragmeting die kans kry om die voorgeskrewe aantal wedstryde in te haal.